

SAAM BEREIK ONS MEER
TOGETHER WE ACHIEVE MORE

2020

Kennisgewing

OOS VRYSTAAT KAAP BEDRYF BEPERK / OOS VRYSTAAT KAAP OPERATIONS LIMITED

SAAM BEREIK ONS MEER
TOGETHER WE ACHIEVE MORE

KENNISGEWING

Algemene Jaarvergadering van Aandeelhouers van
Oos Vrystaat Kaap Bedryf Beperk

Registrasienommer 1999/004069/06
("Die Maatskappy")

AS GEVOLG VAN DIE COVID 19 PANDEMIE, GAAN DEELNAME AAN DIE ALGEMENE JAARVERGADERING OP 'N ELEKTRONIESE WYSE OOK MOONTLIK WEES WAARVAN VERDERE BESONDERHEDE BINNEKORT SAL VOLG.

A. KENNISGEWING

Kennis geskied hiermee aan die Aandeelhouers van die Maatskappy soos op die rekorddatum, dat die Twee-en-Twintigste Algemene Jaarvergadering van die Maatskappy gehou gaan word soos aangedui:

Datum: **21 Julie 2020**

Tyd: **10h30**

Plek: **NG Kerk Moedergemeente Kerksaal, Ladybrand**

B. DOEL VAN DIE ALGEMENE JAARVERGADERING

Die doel van hierdie Algemene Jaarvergadering is om die aangeleenthede te oorweeg wat in die Agenda hieronder uiteengesit word.

C. AGENDA

1. Opening en verwelkoming
2. Konstituering van die vergadering
3. Mosies
4. Goedkeuring van die Notule van die Algemene Jaarvergadering van 23 Julie 2019 ("Bylaag 1")
5. Sake uit die Notule
6. Voorsitter se verslag
7. Sekondant se mosie
8. Verslag deur die Oudit- en Risikokomitee (ingesluit in die Jaarverslag)
9. Verslag deur die Sosio- en Etiesekomitee (ingesluit in die Jaarverslag)
10. Verslag deur die Besturende Direkteur
11. Dividend aanbeveel deur die Direksie
12. **Gewone Besluite**
    - 12.1 Goedkeuring van Geouditeerde Finansiële State
    - 12.2 Verkiesing van Direkteure
    - 12.3 Aanstelling van die Oudit- en Risikokomitee
    - 12.4 Aanstelling van Ouditeure
13. **Spesiale Besluite**
    - 13.1 Goedkeuring van Direkteursvergoeding vir 2020/2021
    - 13.2 Intermaatskappy lenings
    - 13.3 Terugwerkende goedkeuring vir die uitleen van kapitaal aan OVK Rekenaardienste (Edms) Beperk waarmee laasgenoemde aandele aangekoop het in OVK Bedryf Beperk.
14. Algemeen
15. Verdaging

D. PERSONE GEREGTIG OM VERGADERING BY TE WOON EN TE STEM

Rekorddatum

Die rekorddatum is die datum waarop daardie Aandeelhouers van die Maatskappy wat geregtig is om kennis te ontvang, deel te neem aan en te stem op die Algemene Jaarvergadering, bepaal word. Ingevolge Klousule 18.2.1 van die Akte van Oprigting van die Maatskappy is die rekorddatum 7 Julie 2020.

Bywoning in persoon of by wyse van volmag

- `n Aandeelhouer kan die vergadering in persoon bywoon; of
- deur `n ander persoon aangewys word by wyse van `n skriftelike volmag. Indien die Aandeelhouer verkies om by wyse van `n Gevolmagtigde verteenwoordig te word, moet die aangehegde vorm (Bylaag 2 – "Volmag") voltooi word. Die voltooide volmag moet aan die Maatskappy of aan die Maatskappysekretaris terug besorg word by die Maatskappy se geregistreerde adres, **48 (agt en veertig)** uur voor die aanvang van die vergadering. Die Gevolmagtigde hoef nie `n Aandeelhouer van die Maatskappy te wees nie, maar moet `n natuurlike persoon wees.

Identifikasie

Artikel 63(1) van die Maatskappywet vereis dat enige persoon wat van voorneme is om deel te neem aan `n Aandeelhouersvergadering, op versoek van die Voorsitter van die Algemene Jaarvergadering, in staat moet wees om identifikasie te verskaf tot die tevredenheid van die Voorsitter, van sy reg om deel te neem en te stem as Aandeelhouer of Gevolmagtigde.

E. MOSIES

Alle voorstelle en mosies moet in skriftelike formaat voor 10h30 op die 17de Julie 2020 by die Maatskappysekretaris ingehandig word by die Maatskappy se geregistreerde kantoor te Dan Pienaarstraat 19, Ladybrand of gefaks word na **051 011 5202** of ge-epos word na **esthere@ovk.co.za** vir aandag: **Die Maatskappysekretaris**. Alle voorstelle en mosies moet deur die Voorsteller en die Sekondant onderteken word.

F. ELEKTRONIESE KOMMUNIKASIE

Hiermee word u in kennis gestel dat, ingevolge klousule 20.2 van die Maatskappy se Akte van Oprigting, Aandeelhouers deur middel van elektroniese kommunikasie aan die Algemene Jaarvergadering kan deelneem. Toegang tot elektroniese kommunikasie sal vir die koste van die Aandeelhouer wees en sal slegs beskikbaar gestel word indien die Aandeelhouer minstens **48 (agt en veertig)** uur voor die vergadering skriftelik `n versoek aan die Maatskappysekretaris tot die effek rig.

G. DIVIDENDE AANBEVEEL DEUR DIE DIREKSIE

Die Direksie beveel `n dividend van 55 sent per gewone aandeel aan asook per klas B aandeel vir die finansiële jaar geëindig 29 Februarie 2020.

H. BESLUITE

1. GEWONE BESLUITE

1.1 GEWONE BESLUIT 1: GOEDKEURING VAN GEOUDITEERDE FINANSIËLE STATE

In die Jaarverslag van die Maatskappy is `n opsomming van die finansiële state vir die jaar geëindig 29 Februarie 2020. `n Afskrif van die volledige finansiële state kan op versoek by die Maatskappysekretaris verkry word of `n verkorte weergawe daarvan kan op die Maatskappy se webtuiste www.ovk.co.za gevind word.

1.2 GEWONE BESLUIT 2: VERKIESING VAN DIREKTEURE

Elke genomineerde persoon moet voldoen aan die vereistes ingevolge die Maatskappywet en die Akte van Oprigting van die Maatskappy ten einde te kwalifiseer om verkies te word as Direkteur.

Oos Vrystaat Kaap Beherend (Edms) Beperk ("OVK Beherend") sal, soos gemagtig deur die Akte van Oprigting van die Maatskappy, die 12 (twaalf) Direkteure wat op die Direksie van OVK Beherend (Edms) Beperk dien nomineer om as Direkteure van die Maatskappy verkies te word. Die verkiesing sal per stembrief geskied.

1.3 GEWONE BESLUIT 3: AANSTELLING VAN DIE OUDIT- EN RISIKOKOMITEE

Die Maatskappywet vereis dat die Maatskappy elke jaar by die Algemene Jaarvergadering `n Oudit- en Risikokomitee aanstel. Die Komitee moet uit vier Direkteure van die Maatskappy bestaan en nomineer die Direksie van OVK Beherend (Edms) Beperk hiermee:

- Mnr. QA de Bruyn
- Mnr. JCC Moll
- Mnr. FJ Terblanche
- Mnr. FJ van Zyl

1.4 GEWONE BESLUIT 4: AANSTELLING VAN OUDITEURE

Die Maatskappywet vereis dat daar elke jaar ouditeure aangewys moet word by die Algemene Jaarvergadering vir die nuwe finansiële jaar. Kragtens 'n Direkteursbesluit geneem op 16 Junie 2020 soos aanbeveel deur die Oudit- en Risikokomitee, beveel die Direksie die aanstelling van PricewaterhouseCoopers as ouditeure van die Maatskappy aan. Bekragtiging word hiermee versoek.

2. SPESIALE BESLUITE

2.1 SPESIALE BESLUIT 1: GOEDKEURING VAN DIREKTEURSVERGOEDING VIR 2020/2021

U goedkeuring word verlang by wyse van 'n Spesiale Besluit dat die Direkteursvergoeding vir die finansiële jaar van 2020/2021 onveranderd sal bly.

Rede en Effek van Spesiale Besluit 1

Die effek van Spesiale Besluit 1 is dat die Direksie van die Maatskappy en die Lede van die Oudit- en Risikokomitee se vergoeding onveranderd sal bly vir die 2020/2021 finansiële jaar.

2.2 SPESIALE BESLUIT 2: INTERMAATSKAPPY LENINGS

Besluit dat intermaatskappy lenings ingevolge Artikel 45 van die Maatskappywet toegestaan mag word aan maatskappye in die groep, onderhewig aan die volgende voorwaardes:

(a) die totale bedrag van kapitaal uitgeleen nie op enige stadium R 150 000 000 (eenhonderd en vyftig miljoen Rand) mag oorskry nie;

(b) die rentekoers van lenings vir vol filiale sal gelykstaande wees aan Prima minus 2% en ander filiale, geassosieerdes en gesamentlik beheerde ondernemings sal nie laer wees as Prima minus 0.5%;

(c) enige intermaatskappy lening sal terugbetaalbaar wees op die datum soos wat deur die Direksie van die Maatskappy bepaal word;

(d) die Direksie van die Maatskappy moet tevrede wees dat:

  (i) die Maatskappy onmiddellik na die toestaan van die lening aan die Solvensie- en Likiditeitstoets sal voldoen soos vereis word deur Artikel 4 van die Wet; en

  (ii) die terme van die lening redelik en billik moet wees teenoor die Maatskappy.

Rede en Effek van Spesiale Besluit 2

Die rede vir Spesiale Besluit 2 is dat dit van tyd tot tyd nodig is om intermaatskappy lenings toe te staan om die algemene bedryf van die OVK Groep van Maatskappye te bevorder.

Die effek van Spesiale Besluit 2 is dat die Direksie van die Maatskappy gemagtig word om intermaatskappy lenings toe te staan op die voorwaardes soos hierbo uiteengesit.

2.3 SPESIALE BESLUIT 3: TERUGWERKENDE GOEDKEURING VIR DIE UITLEEN VAN KAPITAAL AAN OVK REKENAARDIENSTE (EDMS) BEPERK WAARMEE LAASGENOEMDE ENTITEIT AANDELE AANGEKOOP HET IN OVK BEDRYF BEPERK

Besluit dat die transaksie in terme van Artikel 44(3) goedgekeur word.

Artikel 44 van die Maatskappywet 71/2008 bepaal:

(3) Ondanks enige andersluidende bepaling van 'n maatskappy se Akte van Inkorporasie kan die direksie nie enige finansiële bystand beoog in subartikel (2) magtig nie, tensy—

  (a) die spesifieke verskaffing van finansiële bystand—

    ingevolge 'n aandeleskema vir werknemers is wat aan die vereistes van artikel 97 voldoen; of dit ingevolge 'n spesiale besluit van die aandeelhouers is wat binne die vorige twee jaar aangeneem is, wat sodanige bystand hetsy vir die spesifieke ontvanger, of oor die algemeen vir 'n kategorie van potensiële ontvangers goedgekeur het, en die spesifieke ontvanger binne daardie kategorie val; en

  (b) die direksie oortuig is dat—

    die maatskappy onmiddellik nadat die finansiële bystand verleen is, aan die Solvensie- en Likiditeitstoets sal voldoen; en die bepalings waarkragtens finansiële bystand volgens voorneme verleen gaan word, vir die maatskappy billik en redelik is.

Rede en Effek van Spesiale Besluit 3

Die rede vir Spesiale Besluit 3 is dat die finansiële bystand verleen aan OVK Rekenaardienste (Edms) Beperk vir die verkryging van aandele in OVK Bedryf Beperk bekragtig word.

I. STEMREGTE

Vir 'n spesiale besluit om goedgekeur te word deur die Maatskappy se Aandeelhouers, is dit nodig dat so 'n besluit ondersteun word deur ten minste 75% van die stemregte uitgebring by die Algemene Jaarvergadering ten opsigte van die betrokke besluit.

Vir 'n gewone besluit om goedgekeur te word deur die Maatskappy se Aandeelhouers, is dit nodig dat so 'n besluit ondersteun word deur meer as 50% van die stemregte uitgebring by die Algemene Jaarvergadering ten opsigte van die betrokke besluit.

In opdrag van die Direksie.

DP DU PLESSIS
MAATSKAPPYSEKRETARIS
Telefoon: 051 923 4516
Faks: 051 011 5202
E-pos: dirkdp@ovk.co.za

Datum: 29 Junie 2020

SAAM BEREIK ONS MEER
TOGETHER WE ACHIEVE MORE

BYLAAG 1

Verkorte Notule van die Een-en-Twintigste Algemene Jaarvergadering van Oos Vrystaat Kaap Bedryf Beperk wat gehou is te die NG Kerk Moedergemeente Kerksaal, Ladybrand op 23 Julie 2019 om 10h30.

1. OPENING EN VERWELKOMING

Die Voorsitter, Mnr. HGN Scheepers, verwelkom almal teenwoordig by die vergadering en is die vergadering geopen deur Dr. Danie Kleynhans tydens die voorafgaande OVK Beherend (Edms) Beperk se vergadering op `n gepaste wyse met sang, skriflesing en gebed.

2. KONSTITUERING VAN DIE VERGADERING

Die vergadering was behoorlik gekonstitueer.

3. MOSIES

`n Mosie van medelye ten opsigte van alle lede, amptenare, mede-boere en voormalige direkteure wat oorlede is die afgelope jaar word staande aanvaar.

`n Mosie van Mnr. JS Radiboke word gelees en hanteer. Mnr. Radiboke wil as direkteur vir opkomende boere verkies word.

Die mosie gaan nie oor tot stemming nie omrede die genomineerde persoon nie voldoen aan die minimum vereistes om as direkteur te dien soos in die maatskappy se Akte van Oprigting uiteengesit is nie.

4. GOEDKEURING VAN DIE NOTULE VAN DIE ALGEMENE JAARVERGADERING VAN 24 JULIE 2018

Die notule van die 2018 Algemene Jaarvergadering word goedgekeur.

5. SAKE UIT DIE NOTULE

Die Voorsitter hanteer sake voortspruitend uit die Notule en word geen verdere vrae gestel daaromtrent deur die vergadering nie. Die sake word as afgehandel beskou.

6. VOORSITTER SE VERSLAG

Die Voorsitter lewer sy verslag.

7. SEKONDANT SE MOSIE

Mnr. Mokenna Scheepers lewer die Sekondantsrede.

8. VERSLAG DEUR DIE OUDIT- EN RISIKOKOMITEE (INGESLUIT IN DIE JAARVERSLAG)

Die verslag word aanvaar deur die vergadering en is daar geen vrae aan die komitee nie.

9. VERSLAG DEUR DIE SOSIO- EN ETIESEKOMITEE (INGESLUIT IN DIE JAARVERSLAG)

Die verslag word aanvaar deur die vergadering en is daar geen vrae aan die komitee nie.

10. VERSLAG DEUR DIE BESTURENDE DIREKTEUR

Die Besturende Direkteur, Mnr. S Oberholzer, lewer `n gepaste en insiggewende verslag.

11. DIVIDEND AANBEVEEL DEUR DIE DIREKSIE

`n Dividend van 52 sent per aandeel word goedgekeur.

12. GEWONE BESLUITE

Die volgende Gewone Besluite word goedgekeur:

12.1 Geouditeerde Finansiële State soos op 28 Februarie 2019;

12.2 Die aanstelling van die genomineerde persone as direkteure;

12.3 Die aanstelling van die lede van die Oudit- en Risikokomitee;

12.4 Die heraanstelling van PricewaterhouseCoopers as ouditeure.

13. SPESIALE BESLUITE

Die volgende Spesiale Besluite is goedgekeur:

13.1 Direkteursvergoeding vir 2019/2020 termyn;

13.2 Intermaatskappy Lenings ten bedrae van R150 000 000 (eenhonderd en vyftig miljoen Rand);

13.3 Terugwerkende goedkeuring vir die toestaan van intermaatskappylenings tot die bedrag van R122 912 911 (eenhonderd twee en twintig miljoen negehonderd en twaalf duisend negehonderd en elf Rand) vir die afgelope finansiële jaar.

14. ALGEMEEN

Die Voorsitter en Besturende Direkteur hanteer spesifieke vrae geopper deur die aandeelhouers vanaf die vloer en sal daar aandag aan gegee word.

Die Voorsitter stel die gasspreker en media-persoonlikheid, Mnr. Ivor Price, voor aan die vergadering. Mnr. Price gee daarna `n baie opvoedkundige voorlegging met betrekking tot die nasionale bewusmakingsprojek van landbou in Suid-Afrika.

Die Voorsitter maak ook van hierdie geleentheid gebruik om Mnr. CT Bender voor te stel aan die vergadering as die nuut verkose Voorsitter wat die leisels sal oorneem by Mnr. HGN Scheepers en deel hy kortliks sy toekomsvisie met die vergadering.

15. VERDAGING

Die vergadering word hierna verdaag.

SAAM BEREIK ONS MEER
TOGETHER WE ACHIEVE MORE

BYLAAG 2

VOLMAGVORM

Oos Vrystaat Kaap Bedryf Beperk

Registrasienommer 1999/004069/06
("Die Maatskappy")

Ek/Ons _____

van _____ (adres), lidnommer _____

synde `n Aandeelhouer van **Oos Vrystaat Kaap Bedryf Beperk ("die Maatskappy")** stel hiermee aan:

1. _____ of indien hy/sy nie beskikbaar is nie;

2. _____ of indien hy/sy nie beskikbaar is nie;

3. die Voorsitter van die Algemene Vergadering,

as my/ons Gevolmagtigde om namens en ten behoewe van my/ons op die Algemene Jaarvergadering van die Maatskappy gehou te word op **21 JULIE 2020** te **LADYBRAND** of enige verdaging van so `n vergadering namens my/ons as volg te stem of buite stemming te bly met betrekking tot die besluite wat oorweeg moet word op so `n vergadering.

Dui asseblief by wyse van `n kruisie (X) in die toepaslike spasie aan hoe daar namens u gestem moet word. Hierdie volmagvorm mag ook as stembrief dien.

	TEN GUNSTE VAN	**TEEN**	**BUITE STEMMING**
Gewone Besluit 1: Goedkeuring van Geouditeerde Finansiële State			
Gewone Besluit 2: Verkiesing van Direkteure			
Gewone Besluit 3: Aanstelling van Oudit- en Risikokomitee			
Gewone Besluit 4: Aanstelling van Ouditeure			
Spesiale Besluit 1: Goedkeuring van die vergoeding van die Direkteure vir 2020/2021			
Spesiale Besluit 2: Intermaatskappy Lenings			
Spesiale Besluit 3: Terugwerkende goedkeuring vir die uitleen van kapitaal aan OVK Rekenaardienste (Edms) Beperk om aandele aan te koop.			

Tensy hierbo anders opdrag gegee is of indien geen instruksies aangedui is nie, kan my/ons Gevolmagtigde stem soos hy/sy dit goed ag.

Geteken op hierdie _____ dag van _____ 2020.

_____

HANDTEKENING VAN AANDEELHOUER

- Volmagvorms moet 48 (agt en veertig) uur voor die aanvang van die vergadering ingedien word by die Maatskappysekretaris.
- `n Aandeelhouer wat geregtig is om deel te neem aan en te praat op en te stem by `n vergadering, mag `n Gevolmagtigde aanstel om in sy/haar plek deel te neem aan en te praat op en te stem. Sodanige Gevolmagtigde hoef nie `n Aandeelhouer van die Maatskappy te wees nie, maar moet `n natuurlike persoon wees.